Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER: KORPORATIEWE DIENSTE OP VRYDAG, 15 DESEMBER 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdv M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NUWE SAKE

4.1 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL (17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 6 Desember 2017 die verklaring verleng tot 24 Januarie 2018, maar gegewe die vergaderingskedule van Januarie 2018 is dit nodig om goedkeuring vir 'n verdere verlenging tot 23 Februarie 2018 te bekom, om die verlenging betyds in die Provinsiale Koerant te laat afkondig.

Besluit/...

4.1/...

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot ‘n plaaslike ramp verleng vanaf 24 Januarie 2018 tot 23 Februarie 2018;

(b) Dat ‘n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot ‘n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant;

(d) Dat die Direkteur: Beskermingsdienste vroeg in Februarie 2018 met die Departement: Plaaslike Regering, Direktoraat: Rampbestuur sal skakel om te bevestig of dit nodig sal wees om die verklaring na 23 Februarie 2018 met ‘n verdere maand te verleng.

4.2 MAGTIGING VAN ONVOORSIENE EN ONVERMYDELIKE BESTEDING VIR DIE INBEDRYFSTELLING VAN BOORGATE (8/2/2/1)

Die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) bepaal dat die burgemeester van ’n munisipaliteit tydens nood- of ander buitengewone omstandighede onvoorsiene en onvermydelike besteding kan magtig waarvoor daar nie in ’n goedgekeurde begroting voorsiening gemaak was nie. Die uitgawe moet aan die Raad op die eersvolgende vergadering gerapporteer word en binne 60 dae by wyse van ‘n Aansuiweringsbegroting geboekstaaf word.

Raadslede is reeds bewus dat die Munisipaliteit tans in fase 1 is – onder andere, implementering van vlak 5-waterbeperkings – om die impak van die droogte op watervoorsiening te bestuur. Daar is ook reeds gerapporteer dat met fase 2 beoog word om watertoevoer na sekere areas af te sny en water met behulp van watertenkvragmotors aan inwoners beskikbaar te stel. Vandaar die goedkeuring van die aankoop van die watertenkvragmotor op 6 Desember 2017. Om volgehoue watervoorsiening in fase 2 te bewerkstelling, sal dit nodig wees om water vanaf boorgate in watertenkvragmotors na afhaalpunte te vervoer. Die proses om die ligging van geskikte boorgate te identifiseer, is tans aan die gang.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die fase-benadering tot die implementering van gebeurlikheidsplanne om die Munisipaliteit in staat te stel om die impak van die droogte te bestuur;

(b) Dat daarop gelet word dat Fase 1 reeds geïmplementeer is deur die instelling van die vlak 5-waterbeperkings, kommunikasiestrategie t.o.v. bewusmakings-veldtogte en tegniese ingrypings soos druk- en vloeibeheer en grondwater benutting;

(c) Dat verder daarop gelet word dat Fase 2, onder andere, behels dat watertoevoer na voorafbepaalde gebiede vir uitgebreide tydperke afgesny sal word waartydens water deur inwoners op bepaalde punte afgehaal sal moet word;

(d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die sink van boorgate, soos benodig, as ‘n noodmaatreël goedkeur as deel van Fase 2 van die droogte noodplan;

(e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ingevolge artikel 29(1) van die MFMA magtiging verleen vir die aangaan van R1 850 000,00 vir die sink van boorgate as onvoorsiene en onvermydelike besteding, alvorens die uitgawe in die 2017/2018 Aansuiweringsbegroting geboekstaaf kan word;

4.2/…

(f) Dat kennis geneem word dat die uitgawe van R1 850 000,00 nie die persentasie (10% van R8 120 000,00) van die jaarlikse begroting soos voorgeskryf deur artikel 29(2)(b) van die MFMA oorskry nie;

(g) Dat, ingevolge artikel 29(2)(c) van die MFMA, die uitgawe aan die Raad op die eersvolgende raadsvergadering van 31 Januarie 2018 gerapporteer sal word.

4.3 TENDER L01.17.18: VERVREEMDING VAN BESIGHEIDSEIENDOMME TE MALMESBURY (12/2/B)

Die Raad het op 23 Maart 2017 goedkeuring verleen vir die vervreemding van verskeie eiendomme in Malmesbury, naamlik:

- Gedeelte A, gedeelte van erf 6353 (erf 12298), Tshwetestraat (groot ±1 500 m²);
- Gedeelte B, gedeelte van erf 6353 (erf 12299), Alfastraat (groot ±1 505 m²);
- Restant van erf 6353, h/v Tshwete- en Alfastraat (groot ±2 434 m²)
- Erf 3185, h/v Mimosalaan en Besembosstraat (groot ±1 500 m²).

Die onderstaande tenders is ontvang, maar mnr DS Bartman kon nie 'n belastinguitklaringsertifikaat voorsien nie, en is die tender gediskwalifiseer:

	Erf 12298	**Erf 12299**	**Erf 6353**
RESERVE PRICE	**R 75 000.00**	**R 75 000.00**	**R 122 00.00**
DS Baartman	R 75 000.00	R 78 000.00	
JML Familie Trust	R 77 000.00	R 77 000.00	R 125 000.00

Rdv M S I Goliath noem dat die tenderaar, JML Familietrust oor vele eiendomme in Malmesbury beskik, waarvan sommige se munisipale rekeninge agterstallig is. 'n Verdere kommer van die komitee is dat die eiendom vir spekulasiedoeleindes aangekoop word, en daar nie beoog word om die eiendom te ontwikkel nie.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste hou die verkoopvoorwaardes aan die komitee voor en bevestig dat oordrag nie sal geskied alvorens die bouplanne van JML Familietrust vir oorweging en goedkeuring voorgelê word nie – die sperdatum vir hierdie aksie is voor/op September 2018.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word om ingevolge die tendervoorwaardes: *"Certificate for the payment of Municipal Services"*, soos voorgeskryf deur die *Supply Chain Management Regulation* 38(1)(d)(i) te bepaal of enige munisipale rekening van die tenderaar of enige lid van die trust agterstallig is vir 'n periode van langer as drie maande, en indien wel, die tender afgekeur word.

4.4 AANSOEK OM TOESTEMMING VIR DIE VERHURING VAN 'N GEDEELTE ERF 12359, MALMESBURY: ACVV MALMESBURY AAN BETTER BEGINNINGS (PTY) LTD (12/2/5/2-8/5)

[Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, verlaat die lokaal vir die bespreking van die item, weens sy gade se betrokkenheid by die ACVV. Die Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath, neem waar as voorsitter.]

Die Raad het op 25 Mei 2017 goedkeuring verleen om 'n gedeelte, groot 6 823 m², van erf 327, Malmesbury aan die ACVV te vervreem vir konsolidasie met erf 3756, waarvan lg. die eienaar is.

Alle opmetings is gedoen en erf 12359 (groot 9670 m²) is geskep waarop 'n Engelse Privaatskool opgerig staan te word. Die ACVV versoek toestemming vanaf die Raad om 'n gedeelte van vermelde erf aan die *Better Beginnings College (Pty) Ltd t*e verhuur wat verantwoordelik gaan wees vir die bedryf van die skool.

Besluit/…

4.4/…

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word aan die ACVV Malmesbury om 'n gedeelte (6 820 m²) van erf 12359, Malmesbury aan *Better Beginnings College (Pty) Ltd* (Registrasienommer K2017352151) te verhuur, met dien verstande (1) dat 'n afskrif van die huurooreenkoms tussen die partye aan die Munisipaliteit vir rekorddoeleindes voorsien word; en (2) gemelde gedeelte grond nie vir enige ander doel as binne die bestaande sonering (Gemeenskapsone 1) gebruik mag word nie.

4.5 OOREENKOMSTE VIR DIE HUUR VAN KANTOORAKKOMMODASIE TE MALMESBURY (12/1/2-8/5, K1/2 (vol 1); K1/2 (vol 3))

Die Munisipaliteit huur verskeie eiendomme vir kantoorakkommodasie waarvan die huurooreenkomste op 30 Junie 2018 verstryk, en waarvan die huurooreenkomste verder bepaal dat die huurder voor 31 Desember 2017 sy opsie om die ooreenkomst te hernieu moet uitoefen.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om die huurgeld te beding met die regsverteenwoordiger van Lomien Beleggings Pty Ltd en SKH Investments Limited vir die huur van die onderstaande kantoorakkommodasie vir 'n termyn van drie jaar, met ingang vanaf 1 Julie 2018, ten bedrae soos volg (BTW uitgesluit):

	Santam-gebou	**Checkers Sentrum**
Jaar 1 (01-07/2018 – 30/06/2019)	R17 447.51 per maand	R23 321.41 per maand
Jaar 2 (01/07/2019 – 30/06/2020)	R18 668.83 per maand	R24 953.91 per maand
Jaar 3 (01/07/2020 – 30/06/2021)	R19 975.65 per maand	R26 700.68 per maand

(b) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om die addenda tot die onderskeie huurooreenkomste te onderteken;

(c) Dat daar in die toepaslike bedryfsbegrotings voorsiening gemaak sal word vir die huurgeld betaalbaar soos voormeld, asook vir die verpligtinge in terme van klousule 6.2 van die ooreenkoms met SKH Investments Limited.

4.6 GOEDKEURING VAN DIE GEWYSIGDE TELEKOMMUNIKASIEBLEEID (4/7/2/1)

Die veranderende beleidsomgewing en omstandighede noodsaak dat beleide van die Munisipaliteit van tyd tot tyd hersien moet word.

Wysigings aan die Telekommunikasiebeleid is nodig om, onder ander, die bestuurspan se selfoontoelaag in lyn te bring met dié van raadslede.

Die gewysigde Telekommunikasiebeleid is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die gewysigde Telekommunikasiebeleid met ingang van 1 Januarie 2018 geïmplementeer word;

(b) Dat kennis geneem word van die gewysigde delegasies wat voortspruit uit die gewysigde beleid aan die Raad teen einde Mei 2018 voorgelê sal word as deel van die hersiening van die Delegasieregister.

4.7 UITSTAANDE DEBITEURE: NOVEMBER 2017 (5/7/1/1)

Die verslae aangaande die stand van uitstaande debiteure t.o.v. November 2017 is met die sakelys gesirkuleer.

4.7/…

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir November 2017.

4.8 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD DESEMBER 2017: DEERNISHUISHOUDINGS TEN BEDRAE VAN R1 339 431,54 EN ANDER ONINVORDERBARE SKULDE TEN BEDRAE VAN R643 622,00 (5/7/3)

Die voorsitter noem dat, aangesien daar nie voldoende kredietbeheer toegepas kan word op dorpe waar Eskom die elektrisiteitsvoorsiener is, die Raad nie meer kan bekostig om laekostebehuisingsprojekte op hierdie dorpe te vestig nie. Derhalwe moet die behuisingspyplyn konsentreer op dorpe waar die Munisipaliteit die elektrisiteitsvoorsiener is.

Die voorsitter spreek verder sy kommer uit dat 58% van totale skuld van deernishuishoudings is t.o.v. water. Dit is dus noodsaaklik dat watermeters met aqualoc-meters vervang moet word, maar dan moet die stelsel toelaat dat die data wat vanaf die meters ontvang word gereeld gemonitor kan word om bv. peutering onmiddellik op te tel.

Ten einde die uitstaande skulde verder te verlaag is dit nodig om elektrisiteitsmeters met voorafbetaaltipe-elektrisiteitsmeters te vervang.

Die voorsitter doen ‘n beroep dat (1) meer sosio-ekonomiese ondersoeke gedoen moet word, en (2) seker gemaak word dat skulde t.o.v. ‘n huishouding ingevolge die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid slegs eenmalig afgeskryf mag word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R1 339 431.54 ten opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R643 622.00 ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(d) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

4.8/…

(f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende vergadering van die komitee voorgelê sal word;

(h) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(i) Dat die Kredietbeheerafdeling besoeke aan die deernishuishoudings bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installeering van die Aqua-loc waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;

(k) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die deernistoekenning sal verhaal.

Die voorsitter, rdh T van Essen, sluit die vergadering af met verwysing na die suksesse van Swartland Munisipaliteit oor die afgelope jaar – onder andere – 90% van inwoners voldoen aan waterbeperkings, 1ste B-munisipaliteit wat vir sewe agtereenvolgende jare ‘n skoonoudit kon ontvang – met geen COMAF, en onlangs aangewys as die Groenste Munisipaliteit in die Weskaap.

Die voorsitter spreek sy medelye uit teenoor families wat ‘n geliefde aan die dood in 2018 afgestaan het, en versoek teenwoordigers om ‘n hand van welwillendheid na medemense uit te steek gedurende die Feesgety.

Die voorsitter bedank elke personeellid vir sy/haar bydrae tot die suksesse van die Munisipaliteit. Mnr At Botha word, in sy afwesigheid, ‘n goeie aftrede toegewens.

Die vergadering word afgesluit met ‘n woord van seënwense aan ieder en elke gedurende die Feesgety.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER